

Welkom by NG The Reeds

**Veilige hawe vir
nuwe hoop**

***Wat maak 'nuwe mense
in Christus' se
verhoudings anders?***

Ef. 5:1-2,21-6:9





Votum



Seëngroet



VONKK 314:1

**Vier die lewe elke oomblik,
elke dag wat God jou gee.
Sien die skoonheid van die berge
en die wonder van die see.
Leef in God se wonderwêreld –
vier die lewe, God se kind!**

VONKK 314:3

**Vier die liefde, loof die Heer
in wie se hart daar deernis is.
Maak jou hart se grootste vreugde
hierdie groot geheimenis.
Ons is sy geliefde kinders.
Vier die liefde, God se kind!**

VONKK 314:4

Vier die liefde, mans en vroue!

Vier die liefde, ouer, kind!


**Vier jou vriende, elke mens in
wie se hart jy liefde vind –**

God se netwerk van genade.

Vier die liefde, God se kind!

VONKK 314:5

**Bron van liefde en van lewe,
God aan wie my hart behoort,
neem my lewe, neem my gawes
tot die einde, tot my dood.
Ek wil leef met een begeerte:
Loof sy Naam en maak Hom groot!**



Efesiërs

5:1-2, 21-6:9

VONKK 72:1

**Wees stil, want die Heilige is hier
in ons teenwoordigheid.**

**Kom buig nou voor Hom neer
met eerbied en ontsag.**

**Erken sy heiligheid
en sy geregtigheid.**

**Wees stil, want die Heilige is hier
in ons teenwoordigheid.**

**Wees stil, want die heerlijkheid van God
skyn oral rondom ons.**

**Hy is met eer gekroon,
met mag en majesteit.**


**Uit Hom straal helder lig –
'n glans wat als verlig.**

**Wees stil, want die heerlijkheid van God
skyn oral rondom ons.**

**Wees stil, want die Here God van mag
is werksaam om ons heen.**

**Hy neem ons sonde weg,
genees ons grootste seer.
Niks stuit die Gees se werk
of kan sy krag beperk.**

**Wees stil, want die Here God van mag
is werksaam om ons heen.**



Efesiërs

5:1-2, 21-6:9

Efesiërs 1-3 – Wie ons in Christus gemaak is

Efesiërs 4-6 – Hoe ons in Christus moet leef

Efesiërs 4:1-16 – **Oproepe - kerk as geheel**

Efesiërs 4:1-6 – Leef as kerk, sodat die eenheid
gehandhaaf en bevorder word

Efesiërs 4:7-16 – Elkeen het gawe ontvang
wat eenheid dien & bevorder

Efesiërs 4:17-6:20 – Oproepe - Persoonlik

Efesiërs 4:17-24 – Beginsel van nuwe lewe

Efesiërs 4:25-32 – Nuwe mense leef anders

Efesiërs 5:1-21 – Nuwe mense is ligdraers &
leef onder invloed van die HG

**Efesiërs 4:22-6:9 – Nuwe mense se verhoudings
lyk anders**

Efesiërs 6:10-20 – Nuwe mense is paraat & staan vas

1. Omdat **julle** kinders van God is en Hy **julle** liefhet, moet **julle** sy voorbeeld volg. 2. **Lewe in liefde, soos Christus ons** ook liefgehad en om **ons** ontwil **sy lewe as 'n offergawe** gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was...

21. Wees (daarom) **uit eerbied vir Christus** aan mekaar **onderdanig**.

22. **Vrouens**, wees aan julle mans **onderdanig**, **net soos julle aan die Here** onderdanig is. 23. Die man is die hoof van die vrou, **soos Christus** die hoof van **die kerk** is. Christus is ook die **Verlosser van die liggaam, sy kerk**. 24. Soos die **kerk** aan Christus **onderdanig** is, moet die vrouens in alles aan hulle mans **onderdanig** wees.

25. **Mans**, julle moet julle vrouens liefhê **soos Christus** die **kerk** liefgehad en **sy lewe daarvoor afgelê** het. 26. Dit het Hy gedoen om die **kerk** aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het,

27. sodat Hy die **kerk** in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik. 28. Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief, 29. want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, **soos Christus** met **sy kerk** doen 30. omdat dit **sy liggaam** is, waarvan ons lede is.

31. Daar staan in die Skrif: “Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.” 32. Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op **Christus** en **die kerk**. 33. Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man **eerbied** betoon.

1. Kinders, wees as gelowiges (**in Christus**) aan julle ouers **gehoorsaam**, want dit is wat die wet van God vereis. 2. “Eer jou vader en jou moeder” is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by: 3. “sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.”

4. En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning **soos die Here dit wil**.

5. Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is. 6. Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. 7. Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie. 8. Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry.

9. En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie.

Verhoudings onder druk





Efesiërs

In ons teks...



Begin met algemene stelling (1-2)

Dit vorm die vertrekpunt & oriënteringspunt

“Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg. Lewe in liefde soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het”



Gegronnd op selfopofferende liefde

Bron van motivering vir alle verhoudings

Nie van buite gedryf, maar onder invloed van Gees



Mense wat nuutgemaak is leef anders:

Leef nie meer vanuit eie belang en mag

Leef vanuit Christus se selfopofferende liefde

Paulus maak hierdie opofferende liefde nog duideliker:

“Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig”

“...niks uit selfsug of eersug doen nie, maar...” Fil 2:3

Nie eie blange in sentrum, maar ander s'n voor eie

Skep ruimte vir mekaar – maak verhouding 'n hawe

Bereid om te luister & terug te staan – gemeenskaplike

Ingestel op die ander party se behoeftes



Let daarom sorgvuldig op hoe
julle lewe... binne verhoudings



Skuiſ die fokus aktief weg van
mag, beheer en eie belang
na selfopofferende liefde



Fokus op **drie groepe verhoudings**
Telkens twee partye teenoor mekaar
Telkens een sonder en een met mag



Huwelik: **Vroue en Mans**



Huwelik: Vroue en **Mans**



Gesinne: **Kinders** en ouers



Gesinne: Kinders en ouers



Werksonmgewing: **Slawe** en base



Werksonmgewing: Slawe en **base**

Verhoudings onder druk





Die kerk is God se reaksie op
stukkende verhoudings



Wat maak *nuwe mense in Christus* se verhoudings anders?



Gebed



Dankoffers

LIEFDE BRING VERANDERING

**1. LIEFDE BRING VERANDERING
IN ONS LEWE, ELK GEBAAR
LIEFDE BRING VERANDERING
IN VERHOUDING TOT MEKAAR
LIEFDE LAAT ELK OOMBLIK LEEF
ELKE DAG OF NAG 'n LEEFTYD
JA, LIEFDE BRING VERANDERING
LAAT ONS LUISTER AS HY PRAAT
NIKS KAN HIERDIE LIEFDE IN
ONS OOIIT WEER SKAAD**

**2. LIEFDE BRING VERANDERING
TYD IS KOSBAAR, WOORDE TEL
LIEFDE BRING VERANDERING
HARTSEER DIEPER; SLAE FEL
LIEFDE KEER ONS WÊRELD OM
EN VERLANGE DUUR VIR ALTYD
JA, LIEFDE BRING VERANDERING
DIT BRING VREUGDE, DIT BRING PYN
NIKS KAN HIERDIE LIEFDE IN ONS
HART LAAT KWYN**

**3. SO DURF ONS DIE TOEKOMS AAN
IN GEMEENSKAP TOT MEKAAR
LIEFDE BREEK OOK HIERDIE BAAN
ALLE TWEESPALT OPGEKLAAR
LIEFDE MAAK ONS NEDERIG
AL ONS TWYFEL NOU VERGETE
JA, LIEFDE BRING VERANDERING
LEEF OF STERWE IN SY GLOED
HIERDIE LIEFDE BLY VIR EWIG IN ONS
BLOED (2X)**



Seën